
# HOOFSTUK 3

## *Die Musikhane Gemeenskapsprojek*




In hierdie hoofstuk word die *Musicianship*-subprojek in konteks van die *Musikhane* Gemeenskapsprojek (hierna *Musikhane*) geplaas deur kortliks ŉ oorsig te gee van die ontstaan en die ontwikkeling van *Musikhane*. Die hoofdoel en die spesifieke doelwitte van *Musikhane* sal genoem word. ŉ Uiteensetting van die subprojekte werp meer lig op hoe *Musikhane* funksioneer. Die bestuur en finansiële ondersteuning word kortliks beskryf en die voordele wat *Musikhane* vir die gemeenskap en die universiteit inhou word bespreek, sowel as die projek se impak en soortgelyke projekte in Suid-Afrika.

Die *Musikhane* Gemeenskapsprojek by die Skool vir Musiek, Noordwes-Universiteit is in 1994 deur Bertha Spies gestig en het sedertdien ŉ groot aantal laer- en hoërskoolleerders van voorheen benadeelde gemeenskappe betrek. Prof. Spies[1] het in 1993 gemerk dat daar ŉ groot behoefte bestaan om die lewens van kinders uit voorheen benadeelde gemeenskappe te verryk (Nell, 2008:5). Die projek het vroeg in 1994 begin en sedertdien gegroei (sien ook 3.3 Subprojekte).

1 Bertha Spies is tans ŉ navorsingsgenoot aan die Skool vir Musiek, Noordwes-Universiteit.

## 3.1 ALGEMENE DOEL

Die algemene doel van die projek is om plaaslike gemeenskappe te dien deur die lewenskwaliteit van kinders te verbeter deur middel van die maak van musiek en die vaslegging van ŉ basis vir moontlike verdere musiekstudie (Massyn, 2009e).

## 3.2 SPESIFIEKE DOELWITTE

Die spesifieke doelwitte van *Musikhane* kan soos volg opgesom word (Massyn, 2009e):

- *Musikhane* verskaf gratis musiekopvoeding aan leerders wat nie toegang het tot formele musiekonderrig nie.
- Talentvolle en hardwerkende leerders word geïdentifiseer met die oog op verdere musiekopleiding.
- *Musikhane* dra by tot die ontwikkeling van die onderrigvaardighede van musiekstudente.
- Die projek streef daarna om bande tussen die plaaslike gemeenskappe en die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, te bou en te versterk.
- *Musikhane* ondersteun musikante en bevorder musikale aktiwiteite in die plaaslike gemeenskappe.

## 3.3 SUBPROJEKTE

Die projek bestaan tans uit drie aparte, maar komplementêre subprojekte: die Musiekopvoedingsprogram, die *Musikhane*-orkes en die *Musicianship*-subprojek. Die *Musicianship*-subprojek is die mees onlangse toevoeging.

Die ontwikkeling van *Musikhane* oor die afgelope vyftien jaar kan soos volg opgesom word:

- Musiekopvoedingsprogram (*Education through music*) (vanaf 1994)
- Basupi Koperblaasensemble (vanaf 1996)
- Musiekgeletterdheidsprogram (vanaf 1996)
- Mini Maestro-vioolensemble (vanaf 1997)
- *Musikhane*-orkes (vanaf 1999)
- *Basupi* Musieksentrum (vanaf 2001)
- *Musicianship* (vanaf 2007).

### 3.3.1 Musiekopvoedingsprogram

Die musiekopvoedingsprogram bestaan uit twee subprojekte: algemene musiekopvoeding en die Mini Maestro-vioolensemble.

#### 3.3.1.1 Die algemene musiekopvoedingsprogram

Die algemene musiekopvoedingsprogram bestaan uit 40 leerders van *Potchefstroom Primary School*. Eerste- en tweedejaar B.Mus.-studente, studente in die UDM-program en studente van die BA Musiek & Samelewing-program is almal betrokke by hierdie subprojek as deel van hulle musiekopvoedingmodules. Die program word weekliks op Woensdae vanaf 14:00 tot 16:30 aangebied. Die leerders begin met samesang waarna hulle in kleiner groepies les ontvang in blokfluit, kitaar, klavier, dans en Afrika-instrumente soos marimbas en tromme. Leerders ontvang ook onderrig in die basiese beginsels van musieknotasie.

Die uitkomste vir hierdie program is (Massyn, 2009a):

- om soveel as moontlik leerders aan musiekopvoeding bloot te stel;
- om leerders met potensiaal vir verdere musiekonderrig te identifiseer; en
- om musiekstudente van ŉ geleentheid te voorsien om in ŉ multikulturele omgewing, onder die toesig van ŉ musiekopvoedingdosent, te onderrig.

#### 3.3.1.2 Die Mini Maestro-vioolensemble

Die Mini Maestro's bestaan uit ses leerders wat ook afkomstig is van *Potchefstroom Primary School*. Hierdie leerders ontvang weekliks onderrig by studente met viool as eerste instrument, sowel as ander vrywilligers. Van die leerders word later in die *Musikhane*-orkes opgeneem.

### 3.3.2 Die *Musikhane*-orkes

Die leerders in die *Musikhane*-orkes kan inskakel by die musiekgeletterdheidsprogram, die Basupi Koperblaasensemble en die Basupi Musieksentrum.

#### 3.3.2.1 Orkes

Die *Musikhane*-orkes bestaan meestal uit leerders wat voorheen by die musiekopvoedingsprogram betrokke was (Massyn, 2009a). Die lede ontvang weekliks individuele lesse in verskeie instrumente soos kornet, klarinet, viool en fluit. Die lesse word

aangebied deur musiekstudente en ander vrywilligers. Die orkes kom ook maandeliks op ŉ Saterdagoggend bymekaar.

Die uitkomste vir die *Musikhane*-orkes is (Massyn, 2009a):

- om leerders bloot te stel aan musiek-maak in groepe op ŉ spesifieke instrument;
- om geleentheid vir die leerders te skep om in ŉ ensemble en orkes te speel, vir openbare uitvoerings sowel as vir die pret van saamspeel; en
- om leerders ŉ geleentheid te bied tot verdere musikale opleiding — dit sluit meer gespesialiseerde teorie-onderrig in sowel as die ontwikkeling van praktiese vaardighede en tegniek op hulle onderskeie instrumente.

#### 3.3.2.2 Die Musiekgeletterdheidsprogram

Die musiekgeletterdheidsprogram is ŉ uurlange program en vind weekliks plaas. Die meeste van die orkeslede is hierby betrokke, sowel as ander belangstellendes. Daar word gefokus op die basiese beginsels van musiek asook die ontwikkeling van die leerders se basiese kennis oor musiek. Die koördineerder poog om die beginsels aan die leerders te oor te dra deur die musiek te gebruik wat die leerders in die orkes speel: agtergrondkennis van komponiste en tydperke word ingesamel, akkoorde word ontleed, soveel as moontlik inligting wat relevant is tot die spesifieke graad/vlak waartoe die leerder behoort word bestudeer, en enige ander inligting wat die werk vir die leerders sal ontsluit, word verduidelik. Die drie musikale aksies word weekliks betrek en leerders word aangemoedig om hul eie frases te skep. ŉ Ander baie belangrike aspek wat aandag geniet, is die ontwikkeling van die leerders se luistervaardighede.

Die uitkomste vir hierdie program is dus om basiese musiekgeletterdheid aan leerders te voorsien om sodoende hul praktiese studie by te staan en te verbeter (Massyn, 2009a).

#### 3.3.2.3 Die Basupi Koperblaasensemble

Die Basupi Koperblaasensemble bestaan uit die huidige koperblasers van *Musikhane*. Hulle tree soms as ŉ ensemble op. Al die lede is gevestig in Ikageng[2] en oefen by die Basupi Musieksentrum (Massyn, 2009a).

Die uitkomste vir Basupi Koperblaasensemble is (Massyn, 2009a):

- om leerders bloot te stel aan instrumentale onderrig in groepe;

[2] Ikageng is ŉ informele nedersetting in Potchefstroom, Noordwes-Provinsie.

- om geleentheid te skep vir ensemblespel en openbare uitvoerings; en
- om geleentheid vir die lede te bied om sakgeld te verdien deur optredes.

#### 3.3.2.4 Die Basupi Musieksentrum

Die Basupi Musieksentrum het tot stand gekom weens gebrek aan onderrigfasiliteite in Ikageng, Potchefstroom. Dit is gevestig by *Boitshoko Secondary School*. Alhoewel die musieksentrum nie tans gebruik word vir onderrig nie, dien dit as oefenlokaal vir die orkeslede in Ikageng (Massyn, 2009a).


### 3.3.3 *Musicianship*

Die *Musicianship*-projek is in 2007 gestig en bestaan uit leerders van *Potchefstroom Primary School*. Die program bestaan uit vyf onderrigleeraktiwiteite: klawerbordvaardighede, luistervaardighede, aktiewe musiekbeluistering, skryfvaardighede en kreatiewe spel. Hierdie vyf komponente word op ʼn geïntegreerde wyse aangebied. Die *Musicianship*-projek sal in hoofstuk vier (Die Kirkpatrickmodel) in detail bespreek word.

Die uitkomste van hierdie projek is (Massyn, 2009a):

- om leerders bloot te stel aan ʼn musikale omgewing om sodoende verskillende genres in musiek op verskillende wyses te ervaar; en
- om leerders aan basiese konsepte in musiek bekend te stel as voorbereiding tot formele musiekonderrig.

In Figuur 3-1 word die *Musikhane*-gemeenskapsprojek en die *Musicianship*-projek in konteks van die Noordwes Universiteit (NWU) geplaas.




**Figuur 3-1: Uiteensetting van die *Musikhane* Gemeenskapsprojek**

## 3.4 BESTUUR

Die bestuur bestaan uit die direkteur en ses personeellede van die Skool vir Musiek, NWU. Die hoof van die Basupi Musieksentrum maak ook deel uit van die bestuur. Die bestuur word ondersteun deur 'n groot aantal personeellede van die Skool vir Musiek, asook voorgraadse en nagraadse musiekstudente en ander vrywilligers (Massyn, 2009c).

## 3.5 VOLHOUBAARHEID

Alhoewel die NWU 'n groot rol speel in die voorsiening van infrastruktuur is dit nie in staat om fondse beskikbaar te stel vir die effektiewe en doeltreffende bestuur van die projek nie (Massyn, 2009g).

*Musikhane* is totaal afhanklik van finansiële steun deur organisasies soos die ACT (*Arts and Culture Trust*), SAMRO *Endowment for the National Arts* (Suid-Afrikaanse Musiekregte-Organisasie), NAC (*National Arts Council*), MMINO S*outh African-Norwegian Education and Music Programme*, die Suid-Afrikaanse LOTTO, en die UNISA Musiekstigting (Massyn, 2009g). Aansoeke word jaarliks ingestuur en sonder finansiële ondersteuning, sal die projek nie

kan voortgaan nie en sal daar nie voortgebou kan word op die sukses van die verlede nie. Hierdie organisasies maak ŉ waardevolle bydrae tot musiekonderrig in die plaaslike omgewing (Massyn, 2009g).

## 3.6 VOORDELE VIR DIE GEMEENSKAP EN UNIVERSITEIT

*Musikhane* hou voordele in vir die leerders, hul ouers, die studente-onderwysers en personeel van die Skool vir Musiek. In Hoofstuk vyf sal daar meer gefokus word op hierdie aspek.

### 3.6.1 Voordele vir die leerders

*Musikhane* dra by tot die musikale en totale ontwikkeling van die leerders op kognitiewe, sosiale, emosionele en liggaamlike vlakke en lewer dus ŉ positiewe bydrae tot die lewens van baie kinders van Ikageng en Potchefstroom. Van die voordele wat die projek vir die leerders inhou, is die volgende (Massyn, 2009b):

- Leerders leer verskeie musikale praktiese en teoretiese vaardighede.
- Leerders ervaar hoeveel pret dit is om saam musiek te maak.
- Leerders leer om in groepe te werk en ensemblespel word aangemoedig.
- Sosialisering maak ŉ belangrike deel uit van die ontwikkeling van die leerders.
- Uitvoeringsgeleenthede word ten minste tweemaal per jaar aan hulle gebied.
- Die uitvoerings- en onderriggeleenthede vind plaas buite hulle huislike omgewings en verbreed daarom hulle sosiale horisonne.
- Deur gereelde bywoning van die projek en oefening, leer die lede van die orkes hoe om verantwoordelik op te tree. Die praktiese en teoretiese eksamens leer hulle ook hoe om voor te berei en te werk vir ŉ doel.
- Sertifikate is baie belangrik vir die motivering en selfwaarde van hierdie leerders. Die sertifikate word na die skool gestuur en deur die hoof uitgedeel tydens ŉ skoolbyeenkoms. Die leerders is dan baie trots en voel dat hulle iets bereik het.
- Verskeie leerders wat betrokke was by *Musikhane* het al ingeskryf vir die Universiteitsdiploma in Musiek (UDM) en BA Musiek & Samelewing-programme by die Skool vir Musiek, NWU. Hulle het hierdie grade met sukses voltooi. Dit stel hul in staat om onderwysers en uitvoerders te word. Die *Musikhane*-lede het die voordeel geniet dat hulle nie heeltemal beginners was in hul musiekstudie soos ander studente nie.
- Morele ondersteuning van personeellede.

### 3.6.2 Voordele vir die ouers

Die ouers word betrek deur ŉ opedag waar hul die leerders kan observeer, asook deur die konserte wat gehou word aan die einde van elke semester. Hulle kry dus die geleentheid om hul kinders in ŉ ander omgewing waar te neem. Deur die blootstelling kom ouers met ander ouers in aanraking wat geleentheid skep vir sosialisering.

### 3.6.3 Voordele vir die studente-onderwysers

Die studente wat betrokke is by *Musikhane* kry geleentheid om hul onderrigvaardighede te ontwikkel. Van hierdie vaardighede sluit die volgende in: lesvoorbereiding, kommunikasievaardighede, om op hulle voete te dink, en om dissipline te handhaaf. Blootstelling aan ŉ multikulturele omgewing berei die studente voor vir die uitdagings daarvan in ŉ skoolomgewing. Studente leer verder respek vir medestudente en vir leerders, selfdissipline, probleemoplossing en geduld.

Hulpbronne soos die beskikbaarheid van lokale, elektrisiteit en onderrigmateriaal kan ongelukkig nie as vanselfsprekend aanvaar word nie en daarom leer studente om kreatief te dink indien een van hierdie bronne sou ontbreek.

### 3.6.4 Voordele vir die personeel

*Musikhane* word ondersteun deur die nisarea van die Skool vir Musiek, NWU (sien ook 3.7.5.2) en bied daarom navorsingsgeleenthede aan die personeel en nagraadse studente. Verder is *Musikhane* ook ŉ assesseringsgeleentheid vir personeel om te sien of studente sekere onderrigvaardighede bemeester het gedurende ŉ sekere tydperk.

## 3.7 IMPAK VAN DIE *MUSIKHANE* GEMEENSKAPSPROJEK

Die impak wat *Musikhane* het op die gemeenskap word weerspieël in die leerders se geleentheid tot uitvoering, die uitbou van musikale kulture en samewerking van verskillende kulture in Suid-Afrika, internasionale samewerking en die geleentheid wat die projek bied vir navorsing.

### 3.7.1 Geleentheid vir uitvoering

Die lede van *Musikhane* het al by verskeie geleenthede in die Noordwes-Provinsie en Gauteng opgetree (Massyn, 2009d). Hoogtepunte vir die afgelope tien jaar sluit die volgende in:

- *Musikhane* bied jaarliks twee konserte (aan die einde van elke semester) by die Skool vir Musiek, NWU aan. Hierdie konserte word bygewoon deur dosente en studente sowel as familie en vriende van die betrokke lede.
- In 2001 tree die orkes by die Linder-Ouditorium in Johannesburg op in samewerking met die *Colla Voce* Jeugkoor.
- In 2002, 2003, 2004 en 2005 tree die orkes op by die *Orchestra Rave* in Johannesburg tydens Jeugdagvieringe.
- Die orkes se uitvoering by die *Water Dome* gedurende die *World Summit for Sustainable Development* was uitgesaai in 119 lande.
- In 2003, ter viering van die projek se tiende bestaansjaar, het die projek as ŉ geheel ŉ konsert by UNISA in Pretoria aangebied. ŉ Etensuurkonsert met dieselfde doel is ook in die Amfiteater op die Potchefstroomkampus van die NWU aangebied.

### 3.7.2 Uitbou van musiekkulture in Suid-Afrika

*Musikhane* fokus sterk op Afrika-uitvoeringspraktyke (tradisioneel en modern). In die musiekopvoedingsprogram maak die leerders kennis met verskeie Afrika-instrumente soos die xilofoon, marimbas, tromme, ratels en klokke. Hulle leer ook liedere en danse van verskeie Afrika-kulture (Massyn, 2009f). Die repertorium van die orkes en die ander ensembles sluit werke van Afrika-komponiste in. Alhoewel die beskikbaarheid van instrumente vir die *Musicianship*-subprojek beperk is, word daar deur ander aktiwiteite, veral skeppende aktiwiteite, geleentheid aan leerders gebied om hul verskillende kulture uit te leef.

### 3.7.3 Samewerking tussen verskeie kulture in Suid-Afrika

*Musikhane* skep geleentheid vir samewerking tussen verskeie kulture: studente met verskillende agtergronde, tale en kulture is betrokke by die onderrig van die leerders (Massyn, 2009f). Leerders moet ook in ŉ multikulturele omgewing funksioneer.

### 3.7.4 Internasionale samewerking

Musiekopvoeding-uitruilstudente van verskeie universiteite het al die geleentheid gehad om hul vaardighede in *Musikhane* te ontwikkel en om hierdie inligting en vaardighede met ander studente en leerders te deel (Massyn, 2009f). Studente van die volgende universiteite was die afgelope vyf jaar betrokke by *Musikhane*:

- Duitsland: Universiteit van Rostock — algemene onderrig in die musiekopvoedingsprogram.
- Kenya: Daystar Universiteit (Nairobi) — deelname aan die musiekopvoedingsprogram (tromme).
- Finland: Universiteit van Jyväskylä — verantwoordelik vir die onderrig van luisteraktiwiteite, dans en klawerbordvaardighede in die *Musicianship*-subprojek.

### 3.7.5 Geleentheid vir navorsing

Die aktiwiteite binne die projek en die projek oor die algemeen is die onderwerp vir verdere navorsing in die musiekopvoeding (Massyn, 2009d).

#### 3.7.5.1 Voordragte

Verskeie voordragte, oor onderwerpe uit die projek, is al by die volgende kongresse gelewer:

- *World Education Fellowship* by Sun City (April 2001)
- *International Educators' Seminar* in Sao Paolo, Brasilië (2002)
- ISME-kongres in Bologna, Italië (Julie 2008)

  *The Musikhane Community Project: music education for Africa*

  *Musikhane: improving music literacy in a South African community*.

#### 3.7.5.2 Nisarea vir die Skool vir Musiek

In November 2008 het die Skool vir Musiek se nisarea, "Musikale kunste in Suid-Afrika: hulpbronne en toepassings", tot stand gekom. Die navorsingsentiteit fokus op verskeie musikale kulture in Suid-Afrika, met spesifieke verwysing na Tswana en ander plaaslike musikale kulture in die Noordwes-Provinsie (Potgieter, 2009). Die nisarea ondersteun ook die navorsing wat binne die *Musikhane* Gemeenskapsprojek gedoen word, en sodoende kan personeel en nagraadse studente die *Musikhane* Gemeenskapsprojek verbeter en uitbou asook 'n bydrae lewer tot ander plaaslike musikale kulture in die Noordwes-Provinsie.

## 3.8 SOORTGELYKE PROJEKTE

'n Groot aantal gemeenskapsprojekte word in Suid-Afrika geloods. Die term gemeenskap kan na verskillende situasies verwys.

Die navorser is bewus van verskeie gemeenskapsprojekte regoor Suid-Afrika, van die meer bekendes by akademiese instellings is die volgende:

- Bloemfontein: Mangaung String programme, Musicon Recorder programme.
- Durban: Ukusa.
- Kaapstad: The Amy Biehl foundation and South African Ubuntu foundation trust.
- Stellenbosh: Ashwell Willemse.
- Franschhoek: SOLMS delta.
- Pretoria: The Soccajasco Kids.

Aangesien hierdie studie nie die vergelyking of evaluering van verskillende musiekteorie- of musiekgeletterdheidsprogramme aanspreek nie, maar spesifiek fokus op die evaluering van die *Musicianship*-subprojek se musiekgeletterdheidsprogram, sal hierdie projekte nie in detail bespreek word nie.

## 3.9 SAMEVATTING

Die *Musikhane* gemeenskapsprojek is in 1994 gestig. Die projek se algemene doel is om musiek as medium te gebruik om die lewenskwaliteit van leerders te verbeter. Daar is drie subprojekte: die musiekopvoedingsprogram, die *Musikhane*-orkes en die *Musicianship*-subprojek. Hierdie studie is gesetel in laasgenoemde subprojek. *Musikhane* hou ook verskeie voordele in vir die leerders, hul ouers, die studente-onderwysers en navorsing by die Skool vir Musiek.